

VRAE VIR DIE WEEK SE BYBELSTUDIE AS GESIN

Maandag (oor)



- 1 Wat hoor jy?
- 2 Wat is die Here se plan met die 2 stede?
- 3 Hoeveel goeie mense moet daar wees dat God nie die stad verwoes nie?
- 4 Wie het God gewaarsku oor die stede?
- 5 Wat het die mense van Sodom vir Lot kom sê?

Dinsdag (oë)



- 1 Wat sien jy?
- 2 Watter 2 stede kon hul sien nadat hul vetrek het by Abraham?
- 3 Waarna toe het Lot en sy diogters gevlug?
- 4 Wat het met Sodom en Gomorra gebeur toe Lot daar uit is?
- 5 Wat het die Engele vir Lot gese om te doen?

Woensdag (hartjie)



- 1 Wat ervaar jy?
- 2 Hoekom wou Abraham nie he die stede moes verwoes word nie?
- 3 God het gesê hy sal die stad bewaar al is daar net ____ goeie mense?
- 4 Hoe het dit hom laat voel dat die stad vernietig gaan word?
- 5 Wie het vir die engele slaap plek gegee vir die aand?

Donderdag (hand)



- 1 Wat het met Lot se vrou gebeur toe sy terug gekyk het?
- 2 Wat het die mense van Sodom aan Lot gedoen toe hy nie wou luister nie.?
- 3 Wie het Lot na veiligheid geneem?
- 4 Hoe het Lot en die engele gevoel gedurende die tyd?

GENESIS 18 - 19 Op pad na Sodom / Lot en sy gesin word gered

Nadat Abraham se gaste geëet en gerus het, was hulle reg om verder te reis. Abraham het 'n ent saamgeloop om hulle af te sien. Na 'n rukkie het hulle op 'n plek gekom waar hulle kon afkyk op die groen Jordaan-vlakte en die tweeling- stede Sodom en Gomorra kon sien. **Toe het die Here vir Abraham vertel** wat Hy van plan was om te doen. "Sodom en Gomorra is bese stede," sê Hy. "Die mense wat daar woon, doen wrede en verkeerde dinge. Hulle is so sleg dat Ek nie anders kan as om hulle te vernietig nie." Die twee engele het aangestap om self na Sodom te gaan kyk, maar die Here het by Abraham gebly om met hom te praat. Abraham wou nie hê dat Sodom vernietig moes word nie.

Hy het aan sy neef Lot gedink wat saam met sy gesin daar gewoon het. Daarom het hy by die Here gepleit om nie die stad te verwoes nie. "U wil tog seker nie die goeie mense saam met die slegtes in Sodom vernietig nie?" vra hy die Here. "U sal tog sekerlik nie so 'n onregverdige ding doen nie."

"As daar vyftig goeie mense in Sodom is, sal Ek die stad nie vernietig nie," belowe God. Abraham het gedink dat daar miskien nie eers vyftig goeie mense in Sodom was nie en daarom het hy aanhou pleit by die Here om die stad te red. Die Here het gesê Hy sal die stad bewaar as daar selfs net tien goeie mense was. Maar die Here het geweet dat Lot die enigste goeie mens in Sodom was. Hy het reeds besluit om Lot te red en sy engele daarom na Lot gestuur. Abraham het treurig afskeid geneem en na sy tent teruggestap.

Dit was reeds aand toe die twee engele wat Abraham besoek het, by Sodom aankom. Lot het by die stadshok gesit waar almal sake gedoen het. Hy het die vreemdelinge beleef gegroet en hulle genooi om die nag in sy huis oor te bly.

Toe hulle by sy huis aankom, het Lot sy bediendes aangesê om 'n goeie aandete voor te berei. Maar voordat hulle kon gaan slaap, het die mense van Sodom aan die voordeur kom hamster. Hulle het Lot gedreig en beledigings na hom geslinger en gesê hy moet die vreemdelinge uitgooi, want hulle het bese planne met hulle gehad. Lot het geweier om na die skare te luister en die gillende mense het hom rondgepluk en gedreig. Die engele het Lot na veiligheid binne die huis getrek en die deur gesluit. Hulle het ernstig met Lot gepraat. "Ons het nou self gesien hoe wreed en boos hierdie mense van Sodom is. Dit is waarom God die stad gaan vernietig. Jy en jou hele familie moet nou dadelik regmaak om uit die stad te ontsnap. Daar is geen tyd om te verspil nie. Julle sal vir jul lewe moet vlug." Terwyl Lot se vrou en dogters hul besittings bymekaar begin kry het, het die engele hulle aangespoor om gou te maak.

Maar hulle het aanhou draai en eers teen dagbreek het die engele die familie haastig aan die hand na buite die stad gelei. Nou moes hulle werklik begin hardloop om hul lewens te red. Die grond het onder hul voete geskud en brandende swael het oor Sodom en Gomorra gereën. Uitasem het Lot en sy dogters na die veiligheid van die heuwels gehardloop. Maar Lot se vrou het gaan staan en verlangend teruggekyk. Dit het haar einde beteken, want waar sy gestaan het, het sy in 'n soutpilaar verander.

BLOKKIES RAAISEL

Af

- 1 Wie was gewaarsku dat Sodom en Gomorra gaan vernietig word ?
- 2 Hoe het hy daarvoor gevoel?
- 3 Waar het Lot gewoon?
- 4 Wie het vir Abraham kom waarsku?
- 5 Waarheen het Lot en sy dogters gevlug?

Dwars

- 1 Wat het met Lot gebeur toe die stadsmense gehoor het van die besoekers?
- 2 Waarin het Lot se vrou verander?
- 3 Wanneer was Lot en sy gesin eers uit die stad?
- 4 Hoeveel engele was gestuur na hul toe?
- 5 Hoe het Sodom en Gommora se inwoners gevoel teenoor die besoekers?

